Beeld

Ligte, kamera, Nico Dekker, aksie!

2012-12-01 06:00

Tot 'n paar jaar gelede het mense gedink daar is 'n skroef los by enigeen wat vier massiewe fliekateljees in Kaapstad wil bou met die hoop om Hollywood na Suid-Afrika te bring. Maar Nico Dekker het hulle verkeerd bewys, skryf ***Lizanne Swart.***



Nico Dekker, onwerper van die wêreldklas-rolprentateljes van Cape Town Film Studios.

Dit is nou skaars twee jaar ná die opening van Cape Town Film Studios (CTFS), en meer as 'n dosyn internasionale rolprente het reeds tonele by dié ultramoderne ateljees geskiet, onder meer Dredd 3D, Chronicle, Safe House, Labyrinth en Mad Max: Fury Road.

Om 'n Hollywood-agtige rolprentateljee op Suid-Afrikaanse bodem te bedink, met 'n groenskerm vir visuele effekte, 'n teater waar kleurregstelling gedoen kan word en twee deftige sterkamers in elke ateljee waar akteurs kan ontspan, vereis 'n vasbeslote en ambisieuse individu aan die stuur van sake. Daardie man is Nico Dekker, uitvoerende hoof van CTFS.

"Dit is deel van my alledaagse lewe om as mal bestempel te word," skerts dié voormalige anti-apartheidsaktivis.

Dekker is in Springs gebore, maar het in die 1980's byna 'n dekade lank in Duitsland gebly waar hy as verslaggewer vir Duitse en ander Europese media gewerk het. Hy het in 1991 met sy gesin na Suid-Afrika teruggekeer om sy landgenote te kom help om die nasie te herbou.

Nadat hy verskeie ondernemings op die been gehelp bring het, het dié kunsliefhebber uiteindelik moed bymekaar geskraap en besluit om sy groot droom te bewaarheid: om Suid-Afrika se rolprentbedryf tot nuwe hoogtes te neem.

Dekker, 'n veelsydige sakeman met 'n lewendige belangstelling in en passie vir die rolprentbedryf, het die groot risiko geloop deur die land se eerste rolprentkompleks, Table Mountain Motion Picture Studios (TMMPS), te stig. Hy moes persoonlike waarborg teken vir TMMPS en het geen finansiële bystand ontvang nie. In 'n land met net ongeveer 2 miljoen gereelde fliekgangers en bly:baar min belangstelling by oorsese rolprentmakers, het dit vir talle skeptici gelyk asof Dekker op 'n mislukking afstuur.

Hy het dit laat slaag. Die fliekateljee het in 2004 geopen en tonele vir groot produksies soos 10 000 BC en die Nicolas Cage-fliek Lord of War is daar geskiet. TMMPS was een van die plaaslike rolprentbedryf se eerste suksesstories, maar moes in 2006 toemaak omdat die eiendom waarop dit bedryf is, verkoop is.

Dekker was allesbehalwe in sak en as, en het onmiddellik aan sy volgende plan begin werk. "My doelwit was om 'n fasiliteit te bou wat sou leer uit die uitdagings en struikelblokke wat ander ateljees beleef het, en oplossings vir van die probleme vind," verduidelik hy. "Ek het van die wêreld se grootste fliekateljees soos Fox, Disney, Universal, Warner, Paramount en Pinewood geraadpleeg."

Van die nuwe innovasies wat Dekker by CTFS laat ontwerp het, sluit in spesiale betongeute wat die vibrasies van wind en reën uitsluit, 'n meer doeltreffende en omgewingsvriendelike verkoelingstelsel, 'n energiekamer met diesel-kragopwekkers wat tot 1?megawatt se krag kan bied en dakke, mure en deure wat tot 59 desibels klankdig is (die internasionale norm is 45 desibels).

Ondanks 'n wêreldklas-rolprentateljee erken Dekker dat die plaaslike rolprentbedryf steeds sy tekortkominge het. "Suid-Afrika is nog nie in staat daartoe om duur kommersiële produksies te ontwikkel nie en daar is 'n tekort aan vaardighede in hierdie veld," sê hy.

"Maar internasionale produksies bring kosbare ervaring na ons plaaslike bedryf."

Dekker het nie sy belofte teenoor sy landgenote verbreek nie. Hy onderhou daagliks honderde werksgeleenthede by CTFS wat andersins nie sou bestaan nie. "Ons verander die aard van rolprentproduksies by CTFS. Duisende werksgeleenthede word vir ambagslui geskep, van mense wat stelle bou tot verwers, metaalwerkers, kleremakers en meer," sê hy.

Daar is ook 'n enorme ekonomiese voordeel vir 'n stad soos Kaapstad om groot internasionale produksies te huisves. "[Die konsultantgroep] Deloitte het uitgewerk dat vir elke rand wat bestee word, is daar 'n ekonomiese impakfaktor van 2,5. Die vervaardigers van 'n fliek soos Dredd 3D het omtrent R130 miljoen bestee, wat beteken

dat dit ’n ekonomiese impak van R325 miljoen gehad het,” verduidelik Dekker.

Hy en sy span maak nou gereed om die TV-seerowerreeks Black Sails, met die Transformers-regisseur Michael Bay as ’n uitvoerende vervaardiger, te huisves. Starz, die verspreider van die reeks, verwag om ’n minimum van R324 miljoen per jaar in Suid-Afrika te bestee. Indien die reeks ’n sukses is, sal hulle R1,6 miljard oor die volgende vyf jaar in Suid-Afrika bestee.

“Hierdie reeks sal ’n ekonomiese impak van R4?miljard oor vyf jaar vir die Suid-Afrikaanse ekonomie skep,” voeg Dekker opgewonde by.
Dit is daarom belangrik vir Suid-Afrika om soveel groot produksies as moontlik te lok: dit hou nie net voordele in vir die plaaslike rolprentbedryf nie, maar het ook ’n groter ekonomiese uitwerking.

“Die koste om ’n fliek of TV-produksie te maak, hang af van die draaiboek en aard van die fliek. Dit kan vir so min as R5?miljoen gemaak word en so veel as R300 miljoen.”

Die natuur lê na aan Dekker se hart en hy sien persoonlik toe dat sy ateljee ’n omgewingsvriendelike beleid volg. “Ons het ’n fasiliteit waar ons alle omgewingskadelike stowwe verwyder wat tydens konstruksie gebruik word.” Hulle herwin afval en vang reënwater op vir latere gebruik.

Dekker praat met groot opgewondenheid oor veral sy ongelooflike eerste jaar en ’n half by CTFS. Van sy gunstelingoomblikke was toe die makers van die TV-minireeks Labyrinth dringend ’n replika van die 13de-eeuse Franse heuweldorpie Carcassonne benodig het. Die Britse fliekmaker Ridley Scott se produksiemaatskappy, ScottFree, die Duitse maatskappy

Tandem en Suid-Afrika se Film-Afrika het angstig geraak omdat hulle dit binne 14 dae sou nodig kry.

“Ek het met my span en ingenieurs daaroor gepraat, wetende dat so ’n taak ten minste ses maande sal neem om te voltooi,” sê hy, “en hulle het almal gesê ek is van lotjie getik om dit te oorweeg.” Met die aandeelhouers aan sy kant en sy ingenieurs en konstruksiemaatskappy vuur en vlam, het hulle nogtans saam “die onmoontlike” aangepak.

’n Wonderwerk het gebeur. “Mense het dag en nag gewerk, en die heuwel [met die dorpie daarop] is binne nege dae gebou,” sê Dekker trots. “Die nuus van ons prestasie het oor die wêreld versprei, en toe Starz op soek was na ’n plek om die Karibiese wêreld vir Black Sails te herskep, is hulle aangesê om my te kontak omdat ons die enigste mense is wat mal genoeg is om so iets groot aan te pak in ’n kort tydjie.”

Tans is die ateljee hard aan die werk om nog ’n onmoontlike taak pynloos te laat lyk: hulle is besig om hul eerste wêreldgehalte-watertenkfasiliteit te bou. Dit sal een van die eerste verhewe watertenks vir fliekmaak-doeleindes wees.

“Die watertenk kan 40 m lange skepe hou en het ’n diep kant van 4,8?m. Die tenk het ook ’n unieke ontwerp wat aan ’n spesiale strandreservoir gekoppel is en ’n totaal van 10 miljoen liter water kan hou,” sê Dekker.

Besoekers aan die ateljee kan hul oë nie glo as hulle dié tenk sien nie. “Vir my bewys dit net weer eens waartoe ons in staat is. Ek glo dat ons rolprentbedryf binne die volgende paar jaar gaan ontplof en dat ons ook kommersieel suksesvol kan wees as ons dit net toelaat.”

Die mense van CTFS het hul maak-of-breek-fase met vlieënde vaandels geslaag. Die Hollywood Reporter het hulle byvoorbeeld onder die voorste sewe rolprentateljees in die wêreld buite die VSA genoem.

Van hier af gaan “Action!” al hoe meer in Kaapstad gehoor word.

Lizanne Swart is ’n honneursstudent in joernalistiek aan die Universiteit van Pretoria.